

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!*

***Yeshua is die hart van die Vader!***

## **Parashah 1: B'reisheet ( בְּרֵאשִׁית ) – In Die Begin**

*In die oorsprong het God die hemele en die aarde geskep. Gen. 1:1<sup>1</sup>*

*In die begin het God die hemel en die aarde geskape. Gen. 1:1 – OAV*

**Torah : Gen. 1:1 tot 6:8**

**Haftorah: Jes. 42:5 tot 43:10**

**Nuwe Verbond:** Matt. 1:1 tot 17; Matt. 19:3 tot 9; Mark. 10:1 tot 12; Joh. 1:1 tot 18; Open. 21:1 tot 5; Open. 22:1 tot 5.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 1 wat afgelaai kan word by: [Parashah1Notas.14](#), [Parashah1Notas.15](#) en by [Parashah1Notas.16](#)

*The place appointed for Adam's residence was a garden; not an ivory house nor a palace overlaid with gold, but a garden, furnished and adorned by nature, not by art. What little reason has men to be proud of stately and magnificent buildings, when it was the happiness of man in innocence that he needed none! As clothes came in with sin, so did houses. The heaven was the roof of Adam's house, and never was any roof so curiously ceiled and painted. The earth was his floor, and never was any floor so richly inlaid. The shadow of the trees was his retirement; under them were his dining-rooms, his lodging-rooms, and never were any rooms so finely hung as these: Solomon's, in all their glory, were not arrayed like them. The better we can accommodate ourselves to plain things, and the less we indulge ourselves with those artificial delights which have been invented to gratify men's pride and*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL\_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch), maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

*luxury, the nearer we approach to a state of innocence. Nature is content with a little and that which is most natural, grace with even less, but lust craves everything, and is content with nothing. No delights can be satisfying to the soul, but those which God himself has provided and appointed for it. (Matthew Henry's Commentary on Gen. 2:9).*

## **Midrash (Torah Bespreking)**

### **Van Die Begin Af**

Wanneer ons 'n boek lees moet ons die storie van die begin af verstaan en dit tot die einde volg. Alleenlik dan verstaan ons die hele verhaal en wat die skrywer aan die leser wil kommunikeer!

Die Afgesonderde Skrifte is YHVH se boek wat Hy aan die mens gegee het. Genesis is die begin. Daarom moet ons ook verstaan wat die Skepper-God van die begin af aan die mens wil sê, want hierin is 'n geheimenis van die einde. Daarom sê die profeet Jesaja:

<sup>9</sup>*Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie;*

<sup>10</sup>*wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: 'My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer;*

<sup>11</sup>*wat 'n roofvoël roep uit die ooste, die man van My doel uit 'n ver land. Waarlik, Ek het gepraat, Ek sal dit laat gebeur. Ek het dit beplan, Ek sal dit doen.*

Jes. 46:9 tot 11.

Wanneer ons die Afgesonderde Skrifte bestudeer, vanaf Gen. 1:1 tot Open. 22:21, moet ons altyd twee baie belangrike dinge onthou!

Eerstens: YHVH is God en daar is niemand soos Hy nie – buiten YHVH is daar geen God nie (Jes. 45:5). Daarom moet ons alles moontlik doen om YHVH te ken – Sy Karakter en Outoriteit – en ook om Yeshua wat deur YHVH gestuur is te ken, want dit is die ewige lewe!

*Dit is die ewige lewe: dat hulle U en Hom wat deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een, sal ken, want U alleen is die God van Waarheid. Joh. 17:3.*

Tweedens moet ons die dinge onthou wat van ouds af was, want YHVH het die einde reeds van die begin af verklaar, asook volgens dit wat aan die begin was. Daarom moet ons weet en verstaan wat YHVH se plan van die begin af was, en hoe dit aan die begin was, want dit sal teen die einde weer so wees. Dit wat YHVH beplan het, dit sal Hy doen. YHVH is nie 'n man dat hy sal lieg nie!

*Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?*

Num. 23:19.

Daarom is dit belangrik om met ons studie van die Afgesonderde Skrifte te begin by die begin, want dit is die openbaring van YHVH se doel met dit wat Hy geskape het. Dit wat aan die begin was, sal weer teen die einde wees!

*In die oorsprong het God die hemele en die aarde geskep. Gen. 1:1.*

*God het alles gesien wat Hy gemaak het en let op, dit was uitermate goed. Dit was aand en dit was oggend, die sesde dag. Gen. 1:31.*

Die naam *Genesis* beteken *generasies* of *bron*, maar die Hebreeuse naam vir hierdie eerste boek van die Skrifte is egter *B'reisheet* wat vertaal kan word as *in die begin*, want dit vertel van die begin van die skepping en hoe alles aan die begin voor die sondeval was.

Genesis begin met die tuin van Eden waar die mens aanvanklik, tot en met die sondeval, in 'n volmaakte verhouding met sy Skepper-God gelewe het. Die boek van Openbaring eindig met 'n herstelde tuin van Eden waar die mens weer in 'n volmaakte verhouding met YHVH sal lewe. *B'reisheet* begin met YHVH se Koninkryk en Openbaring eindig met YHVH se Koninkryk.

Tot en met Gen. 2:25 was alles wat YHVH gemaak het *baie* (Hebreeus: *me'od* – uitermate; oorvloedig) *goed* (Hebreeus: *tov/tob* – aangenaam; welgevallig; doelmatig; toepaslik)(Gen. 1:31). Dit is die uiteindelijke herstel wat sal plaasvind, naamlik dat alles sal weer uitermate aangenaam en doelmatig wees soos dit in die begin voor die sondeval was!

Alles wat tussen Genesis (na die sondeval) en die einde van Openbaring gebeur, is deel van YHVH se plan van herstel van sy skepping en van die herstel van die verhouding tussen YHVH en die mens soos dit voor die sondeval was. Alles tussen Genesis hoofstukke 1 en 2 en Openbaring hoofstukke 19 tot 22 moet as YHVH se plan van herstel gesien word. Sommige dele van hierdie plan is 'tydelik' of 'tussentydse maatreëls' totdat die volmaakte weer sal kom wanneer alles herstel is soos dit aan die begin was!

Ons moet hierdie geheel prentjie sien, naamlik dat Genesis en Openbaring mekaar weer teen die einde 'ontmoet'. Dit is 'n geval van: *Eden lost; Eden restored!*



Vra jouself waar is die begin en hoe was dit in die begin? Dit is hoe dit sal eindig! Die Tuin van Eden is die begin! Daarom sal die einde 'n herstelde 'tuin van Eden' wees – 'n nuwe aarde en 'n nuwe Jerusalem.

<sup>1</sup> *Ek het nuwe hemele en 'n nuwe aarde gesien, want die vorige hemele en die vorige aarde het weggegaan en die see was nie meer nie*

<sup>10</sup> *Hy het my in die gees gedra na 'n groot, hoë berg en vir my die stad gewys, die afgesonderde Yerushalayim, wat uit die hemel vanaf die Teenwoordigheid van God afkom.*

<sup>22</sup> *en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel.*

Open. 21:1, 10 en 22.

Dit is baie belangrik om te verstaan dat Rabbynse Judaïsme **nie** hierdie geheelprentjie sien nie, want hulle verwerp Yeshua as Messias, en daarmee saam die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom probeer hulle om alle Skrifverklarings en profesieë binne die raamwerk van die Skrifte van die ou verbond (die Tanakh) in te pas! Rabbynse Judaïsme sien nie die volle waarheid van YHVH se plan van herstel nie en daarom is hulle nie geskikte leermeesters nie, veral nie van eindtydgebeure (eskatologie) nie!

## Van die begin af: Yeshua die Sleutel

Die sleutel in YHVH se plan van herstel is Yeshua Die Gesalfde Een! Daarom moet ons as gelowiges in Yeshua op die regte plek begin om YHVH se plan van herstel te verstaan en om ook ons rol te verstaan in hierdie plan!

*My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester. Heb 3:1.*

Yeshua is YHVH se Afgevaardigde (Apostel) en die ewige Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek! Hy is ook Koning (Matt. 2:2; Matt. 21:5) en Profeet (Matt. 21:11; Joh. 6:14) en vervul dus al die ampte in YHVH se plan van herstel. Yeshua heers as Koning, Profeet, Apostel en Hoofpriester in YHVH se hemelse koninkryk wat aan die einde van die eeue weer fisies op die aarde sal funksioneer!

Yeshua se lewe, Sy Karakter en Sy bediening is dus waar ons begin, want alleenlik dan sal die *Tanakh* (Skrifte van die ou verbond) vir ons duidelik verstaanbaar wees! In die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond openbaar gemaak!

Dit is dus nie deur die voorbeelde en die fisiese van die ou verbond wat ons vorentoe kyk nie, MAAR dit is die plan van God waarna ons moet kyk en nou terugkyk hoe Hy die plan verduidelik en uitgevoer het en steeds besig is om dit uit te voer tot dit voltooi sal wees soos Openbaring hoofstukke 21 en 22 dit vir ons verduidelik

Genesis hoofstukke 1 en 2 was dus die volmaakte en daarom kon YHVH op die sewende dag rus van van alle werk wat Hy gemaak het. YHVH het die sewende dag geseën en afgesonder omdat Hy daarop gerus het.

*God het alles gesien wat Hy gemaak het en let op, dit was uitermate goed. Dit was aand en dit was oggend, die sesde dag. Gen. 1:31.*

<sup>1</sup> *So is die hemel en die aarde en al hulle hordes voltooi.*

<sup>2</sup> *Op die sesde dag is God se werk, wat Hy gemaak het, voltooi en op die sewende dag het Hy gerus van alle werk wat Hy gemaak het*

<sup>3</sup> *en God het die sewende dag geseën en dit afgesonder omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk; dit wat God geskep het in 'n God-eie manier.*

Gen. 2:1 tot 3.

Die mens was geklee in die Glansryke Manifestasie van YHVH (Kleed van Geregtigheid) en die mens kon direk – van aangesig tot aangesig – met YHVH kommunikeer, want die geestelike realm het oor die fisiese realm geheers. Die verhouding tussen YHVH en die mens was 'n liefdesverhouding van vertrouwe en getrouheid. En terwyl hulle van die Boom van Lewe geëet het, het die mens geweet wat die volmaakte wil, naamlik die Torah van hulle Skepper-God is, en het hulle daarvolgens gelewe.

Maar die mens maak dit wat volmaak was, ongedaan deur sonde en nou was die mens naak, naamlik van hulle geestelike kleed gestroop en die fisiese realm het toe oor die geestelike realm geheers.

YHVH ons Vader het die Boom van Lewe aan die mens gegee – dit sluit al die kennis van Lewe in wat in die Vader is! Die mens kies egter die Boom van kennis van goed en kwaad – dit is dus nodig vir Vader om die standaard en metode van lewe vir die mens te wys en te

verduidelik. Die mens se kennis kort begrip deur voorbeeld. Daarom het YHWH in Sy getrouheid voorbeelde en Profesië in werking gestel om Sy verlossingsplan bekend te maak en om die mens voor te berei om sy taak en skeppingsdoel te verstaan. YHWH het deur Abraham, Isak en Jakob 'n volk gekies om dit deur te doen.

YHWH stel Sy verlossingsplan – die regstellingaksie – in werking, naamlik Yeshua Messias, om weer alles te herstel soos dit aan die begin was. Daarom lees ons in Gen. 3:15 vir die eerste keer van hierdie plan van herstel:

*Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.*

Die saad van die vrou is 'n heenwysing na Yeshua Die Gesalfde Een in wie, en deur wie, alles weer herstel sal word.

Volgens YHWH se alwetendheid het Hy geweet dat die mens Hom sou faal. Daarom is die Lam wat geslag moes word, al voor die grondlegging van die wêreld af berei. Alle altare het dit gesimboliseer, soos ook dië waarby geoffer is sedert Gen. 3:15.

*omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle leë dade wat tradisioneel deur die vaders oorgedra is nie, maar deur die kosbare bloed van die Lam, waarin geen gebrek of vlek is nie, wat Die Gesalfde Een is, wat wel voor die tyd hiervoor aangestel is, voor die vorming van die wêreld, maar in hierdie laaste tye openbaar is, om julle ontwil. 1 Pet. 1:18 tot 20.*

Hierdie herstelproses (reddingsplan) terug na soos dit aan die begin was, word vir ons beskryf en verduidelik vanaf Genesis hoofstuk 3 tot die einde van die einde van die boek van Openbaring. Daarom is die korrekte naam van hierdie laaste boek van die Afgesonderde Skrifte: Die Openbaring van Yeshua Die Gesalfde Een. Die eerste vyf boek van Moses vorm die basis daarvan en daarom moet ons dit bestudeer.

Maar ons bestudeer die eerste vyf boeke van Moses om Yeshua in dit te ontdek, want ons weet dat Moses het van Yeshua geskryf.

Yeshua self het aangaande Sy kruisdood en opstanding die Emmaüsgangers geleer:

*Hy sê vir hulle: “Hierdie is die boodskap wat Ek met julle gedeel het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moshe, die Profete en die Psalms, volledig gemaak moet word.” Toe maak Hy hulle verstand oop om die Skrifte te verstaan en Hy sê vir hulle: “So is dit geskrywe en dit was reg dat dit so gebeur: Die Gesalfde Een moes ly en op die derde dag uit die dood uit opstaan. Luk. 24:44 tot 46.*

Die feit dat Yeshua die Torah gebruik het om die dinge aangaande Homself aan die Emmaüsgangers te verduidelik is soveel meer merkwaardig in die lig daarvan dat in Torah (die eerste vyf boeke) word die woord *Messias* nie eers gebruik nie! Ons lees in Joh. 5:39 en 45 tot 47 van soortgelyke stellings deur Yeshua:

*Ondersoek die Skrifte, want in hulle het julle 'n versekerde verwagting dat julle die ewige lewe het en hulle getuig van My (vers 39)*

*Dink julle dat Ek julle by die Vader aankla? Daar is een wat julle aankla, Moshe op wie julle 'n versekerde verwagting het, want as julle Moshe geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf. Aangesien julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe gaan julle glo wat Ek sê?” (vers 45 tot 47)*

Met hierdie woorde het Yeshua bevestig dat Torah geskryf is met die doel om Hom aan ons te openbaar!! In die lig hiervan kan ons nou ook Joh. 1:46 verstaan: *Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die Torah en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.*

Dit bevestig ook wat in Ps. 40:8 geskryf is:

*Toe het ek gesê: “Let op, ek kom; in die begin van die boekrolle is dit van my geskryf. O my God, ek verheug my daarin om U wil te doen; U wet is binne-in my verstand, wil en emosie.”*

Paulus het ook aan Timotheus geskryf en hom aan die volgende herinner:

*Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskrifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 2 Tim. 3:14 en 15.*

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat Torah die fondament van ons begrip en openbaring van die *B'rit Chadashah* (nuwe verbond) is. Alleenlik wanneer ons verstand aangaande Yeshua van die Torah geopen word, kan ons die lewe en werke van Yeshua van die nuwe verbond verstaan. Alleenlik dan kan ons YHVH se geregtigheid ken en as koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisédek met Yeshua as Ewige Hoofpriester en Koning in God se hemelse Koninkryk diens doen!!

**Laastens** moet ons verstaan dat die Apostels nie ‘n “nuwe” evangelie verkondig het nie, maar wel ‘n evangelie wat se wortels in Torah gevestig is. Hulle boodskap was dat Yeshua van die Torah gekom het en deur Sy kruisdood en opstanding die belofte van die Messias vervul het.

Ons moet deeglik kennis neem van die feit dat die gemeente (“die kerk”) van Handeling 1 van Jerusalem, asook ander gemeentes wat in die tyd gevestig is, aanvanklik slegs die Skrifte van die ou verbond as verwysing gehad het en eers later die geskrewe Skrifte van die nuwe verbond. Paulus bevestig dit in Rom. 1:1 tot 4.

*Sha’ul, ‘n geroepe slaaf van Yeshua Die Gesalfde Een, ‘n afgevaardigde, afgesonder vir die goeie boodskap van God wat Hy van die begin af deur sy profete beloof het in die afgesonderde Skrifte, aangaande Sy Seun, wat na die vlees gebore is uit die saad van die huis van Dawid en deur die Gees van Afsondering met krag openbaar is deur die opstanding uit die dood as die Seun van God: Yeshua, Die Gesalfde Een, ons Meester.*

Paulus bevestig dus dat die evangelie van redding deur Torah belowe was.

Verder leer ons uit die brief aan die Hebreërs dat dieselfde evangelie as wat aan Israel by Sinai verkondig was, steeds verkondig word.

*want aan ons is die goeie boodskap ook verkondig presies net soos aan hulle, maar die boodskap het die hoorders nie gebaat nie omdat dit by die hoorders nie gekombineer is met vertroue nie. Heb. 4:2.*

Torah, en die res van die Tanakh, leer ons wat die beginsels van hierdie evangelie is en hoe dit profeties na Yeshua Messias en die Koninkryk van God verwys. Die nuwe verbond is die bevestiging en vervulling van hierdie Torah en profesie. Indien ons hierdie evangelie glo, en

in gehoorsaamheid daarvolgens lewe, sal ons in die rus van YHVH ingaan (Heb. 4:6 tot 10). Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua Messias volbring is, is die Torah van die nuwe verbond – die Torah van Yeshua Melgisédek!!

Die nuwe verbond en die Melgisédekorde is die ware Eangelie – die Goeie Nuus van YHVH se redding en herstelplan in en deur Yeshua Die gesalfde Een.

Omrede talle gelowiges met die Melgisédekorde worstel, sal die artikel van AndriYah: “Melgisédekorde Saamgevat”, van groot waarde wees en ek wil elkeen aanmoedig om dit nie net te lees nie, maar dit biddend te bestudeer deur al die Skrifverwysing op te soek en te bepeins. **Die artikel is by hierdie notas aangeheg.**

Maar lees hierdie artikel ook in die lig van die volgende:

### **Van Die Begin Af: Die Verbonde en die Torah van YHVH**

Torah, of soos dit algemeen vertaal word as die wet, beteken instruksies en is ook die naam wat aan die eerste vyf boeke van die Skrifte gegee word. Maar dit is egter uiters belangrik om te verstaan dat YHVH se Torah nie beperk is tot die eerste vyf boeke van Moses nie! Nee! YHVH se Torah strek vanaf Genesis 1:1 tot Openbaring 22:21! Dit is al die instruksies, asook die onderrig en die wysheid van YHVH soos in die Afgesonderde Skrifte opgeteken is.

Daarom moet die volgende woorde van Paulus ons uitgangspunt wees by die bestudering van die Skrifte:

*Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad. 2 Tim. 2:16 en 17.*

Daarom is dit ook belangrik om te verstaan dat YHVH se Torah vanaf die begin daar was! Die Torah wat in die Tuin van Eden gegeld het was die instruksies aangaande watter boom daar van geëet mag word, asook die instruksies aangaande die versorging van die tuin (Gen. 2:15 – 17). YHVH se Torah vir die mens voor die sondeval was waarskynlik bondig, want YHVH self het saam met hulle in die aandwindjie gewandel.

Dan moet ons ook verstaan dat die mens van die begin af in 'n verbondsverhouding met YHVH hulle Skepper-God gelewe het soos dit in Hos. 6:7 bevestig word.

*Maar soos Adam het hulle die verbond oortree; daar het hulle verraderlik teen My opgetree.*

Weens die sonde van Adam en Eva, naamlik die oortreding van YHVH se Torah soos aan hulle gegee was, is die verbond verbreek en is hulle uit die tuin verban. Hulle het nie meer toegang tot die tuin of die Boom van die Lewe gehad nie en 'n 'nuwe' Torah het vir hulle gegeld:

**16** *Vir die vrou het Hy gesê: “Ek sal jou moeite en jou swangerskap baie vergroot. Met pyn sal jy geboorte gee aan kinders en na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers.”*

**17** *Vir die mens het Hy gesê: “Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie; vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.*

**18** *Dit sal beide dorings en distels vir jou voortbring en jy sal die plante van die veld eet.*

**19** *In die sweet van jou voorkop sal jy brood eet totdat jy teruggaan na die grond toe, want jy is daaruit gehaal, want stof is jy en tot stof sal jy teruggaan.”*

Gen. 3:16 tot 19.

Hierdie Torah van YHVH het ook nou die instruksies vir die bring van offerandes behels soos duidelik gesien kan word volgens die offerandes wat Kain en Abel gebring het (Gen. 4:3 tot 7).

**Opsommend:** Dit is daarom uiters belangrik om te verstaan dat van die begin af was die verhouding tussen YHVH en die mens 'n verbondsverhouding en was die Torah die instruksies wat hoort by die spesifieke verbond wat op 'n gegewe tydstip geldig was. Hierdie feit sal toenemend duidelik wees uit ons verdere weeklikse Torahstudies.

Dit beteken dat soos ons die Skrifte bestudeer, moet ons onderskeid maak van watter verbond daar van gepraat word en watter Torah saam met daardie verbond funksioneer. Maar ongeag watter verbond en watter Torah van toepassing is, dit is steeds YHVH se verbond en YHVH se Torah. Hierdie verbonde, elk met sy toepaslike Torah, is die pad van herstel volgens YHVH se plan sodat alles sal eindig waar dit begin het, naamlik 'n herstelde tuin van Eden – 'n nuwe aarde en 'n nuwe Jerusalem.

Laastens: Waar 'n verbond ter sprake is moet ons ook onderskei of dit 'n eensydige eedswering deur YHVH is, met ander woorde onafhanklik van die mens, en of dit 'n bloedverbond is waar die mens ook betrek word en 'n verbondsvennoot word. Die verbond met Adam en Eva, asook die verbond met Noag is voorbeelde van 'n eensydige eedswering deur YHVH. Die verbond met Abraham is tweeledig, naamlik 'n eensydige eedswering (Gen. 12:2 en 3 – 'n verbond van belofte) en 'n bloedverbond volgens Gen. 15:7 tot 21).

### **Van Die Begin Af: 'n Priesterorde**

In die begin was die eersgeborenes die priesters soos ondermeer deur die volgende bevestig word:

*Laat ook die priesters wat naby יהוה kom, hulleself afsonder sodat יהוה nie teen hulle uitbreek nie.*” Ex. 19:22.

Let daarop dat hierdie priesters is nie die Levitiese priesters nie, want hulle is eers na die sonde van die aanbedding van die goue kalf aangestel. Na die sonde van die goue kalf wou YHVH die volk uitwis (Ex. 32:10), maar Moses het as middelaar vir die volk ingetree en YHVH het hulle lewens gespaar (Ex. 32:14).

Een van die gevolge was egter dat die Leviëte in die plek van die eersgeborenes aangestel was:

*“Let op, Ek Self het die Leviëte gevat vanuit die seuns van Yisra'el in die plek van al die eersgeborenes wat die baarmoeder, vanuit die seuns van Yisra'el, open; daarom sal die Leviëte Myne wees.”* Num. 3:12.

Maar dit is belangrik om te verstaan dat die eersgeborenes was priesters volgens die orde van Melgisédek soos Heb. 7:1 tot 3 bevestig.

*Hierdie Malki-Tzedek was koning van Shalem, nie-Levitiese priester van God Ha'Elyon (die Allerhoogste), wat vir Avraham ontmoet het by sy terugkoms na die slagting van die konings en hom geseën het. Aan hom het Avraham 'n tiende deel van alles uitgedeel. Sy naam word vertaal as: koning van onpartydige opregtheid en ook koning van Shalem, dit is, koning van vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed. Sonder dat sy vader of sy moeder in die geslagsregister opgeteken is, ook nie sy begin van dae of sy lewenseinde nie, maar net soos dié van die Seun van God, bly sy priesterskap vir ewig.* Heb. 7:1 tot 3.



Die Levitiese priesterorde tesame met die Torah van Moses was die tugmeester, die gids, (Gal. 3:24 en 25) tot Yeshua sou kom om as die Eersgebore Seun van die Vader (Joh. 1:14) en as Middelaar van die Nuwe Verbond (Heb. 8:6) sou kom om die priesterorde van Melgisédék weer her in te stel. Daarom het Petrus gesê:

*Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofpriysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort.*

1 Pet.2:9 en 10.

Hierdie Melgisédék priesterorde leef volgens die Torah van Yeshua en is dienaars in YHVH se hemelse Koninkryk waar geen aardse tempel en brandoffers meer vereis word nie. As gelowiges in Yeshua leef ons in die laaste dae van die finale herstel soos dit vir ons in Openbaring 21 en 22 beskryf word.

In latere *parashot* sal ons meer hieroor gesels, maar intussen word die artikel: “Die Orde Van Melgisédék Teenoor Die Levitiese Priesterlike Orde” deur Ina van Niekerk aanbeveel. Hierdie artikel kan afgelaai word by: [MelgisedekLevitieseHersien2015](#).

### **Bepeins of Bespreek**

1. Wat is jou doelwit vir hierdie Torahsiklus? Is dit om die Woord van die Waarheid reg te sny (2 Tim. 2:15)? Maar dan moet ons eerstens die groter plan van YHVH verstaan. Dit kan vergelyk word met die bou 'n legkaart met 'n duisend stukkies en elke stukkie is 'n teksvers. Ons bou almal saam aan die legkaart en ons begin deur eers na die prent op die boks van die legkaart te kyk, dan draai ons al die duisend stukkies met die prentkant na bo voordat ons verse as legkaartstukkies probeer inpas. Ons is almal soos 'verkenners' van die Woord en elkeen maak soms foute totdat 'n ander verkenner dit vir jou uitwys en ons deur die Afgesonderde Gees die legkaartstukkie in sy regte plek sien en plaas.
2. In verlede jaar se notas het ek ook die volgende gevra:
  - Hoekom word daar verwys na die Messiaanse Beweging, die “Hebrew Roots Movement” en ander name, terwyl die volgelinge van Yeshua aanvanklik bekend was as die mense van Die Weg en Nasereners? Is dit nie tyd dat ons eerder die identiteit van die gemeente van Handelingte moet aanneem nie? Is ons dan nie veronderstel om 'n voortsetting van die gemeente van Handelingte te wees nie?
  - Avi ben Mordechai skryf in sy artikel “Warning to Messianic Assemblies” ondermeer die volgende: *To you Messianic congregations and your spiritual leaders that can't get enough of all this "Hebraic Roots" stuff - because after all, some groups find it to be in vogue to do the "Jewish thing" since 'Jesus was a Jew', go the distance and quickly get beyond your outward cultural behaviours and learn what it means to really be Torah Observant.* Verstaan ons regtig wat dit beteken om 'n Torah-gehoorsame volgelinge van Yeshua van die nuwe verbond te wees? Indien ons dit sou verstaan, dan sal ons baie meer die karakter en werke van die gemeente van Handelingte openbaar en baie minder die karakter en werke van Rabbynse Judaïsme soos wat huidig die geval is!

**Nota:** Vanaf volgende week sal daar 'n afdeling wees wat ek “Het Jy Geweet” sal noem. Die doel hiermee is om die onkunde wat bestaan oor Rabbynse Judaïsme aan te spreek. 'n Verskeidenheid onderwerpe sal bespreek word. Onderwerpe soos:

- Wat is Rabbynse Judaïsme, hoe het dit ontstaan en wat glo hulle,
- Wat is die Talmud en die mishnah?
- Wat is die Noagidiese wette?
- Wat staan in die Talmud geskryf oor nie-Jode en Yeshua?
- En vele meer onderwerpe.

Lesers is ook welkom om vrae aan my te stuur.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Shalomgroete in Yeshua Messias.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

-0-0-0-0-0-0-0-0-